

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



April 2013

Lees binne...

- Opstanding en hoop – 1
- Verklaring deur Van der Hoff – 3
- Die roeping van die kerk – 6
- Oor waardes en norme – 7

Lewende Hoop

In hierdie uitgawe

- BI 1 Opstanding en hoop (Dr Stephan Hoffman)
- BI 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**
Oor die opstanding
- BI 3 **Aktuele sake**
Verklaring deur Van der Hoff (Bestuur 2013, Van der Hoff)
Nabetragting oor die Inligtings- en Besprekingsvergadering (Ds Lewis Strauss)
- Ble 4-5 **Kerkwerf**
WATER = H₂OOP (Ds Anet Dreyer-Krüger)
HTK amptelik geopen
6de ADV
Kerkargivarisse vergader op Stellenbosch (Nándor Sarkady)
- BI 5 **Gespreksforum**
Jesus Christus die opgestane Heer (Dr Koos Engelbrecht)
- BI 6 **Teologiese Gesprek**
Die roeping van die kerk (Dr Jaco Beyers)
- BI 7 **Gespreksforum**
Oor waardes en norme (Dr Daan van Wyk sr)
- Agterblad **Oordenking**
Jesus Christus, my Redder, Hoop en Verwagting (Ds Freddie Nortje)

Oor die opstanding

Dr André Ungerer, redakteur, skryf oor die belang van die opstanding vir die kerk. Hy raai lesers aan om prof Theuns Dreyer se bydrae oor die betekenis van die opstanding vir die prediking (*Die Hervormer*, Teologiese Gesprek, 9 Oktober 2012) en dr Gafie van Wyk se artikel *Die opstandingsliggaam van Christus (THT Jaargang 1, nommer 1)* te lees.

Hoe diep lê die verskille in ons Kerk, en kan dit oorbrug word? Dit laat 'n mens dink aan die metafoer van die olifant in die sitkamer. Almal weet daar is 'n olifant. Hoe kan jy dit miskyk? Maar hulle wil liewers nie daaroor praat nie. In hoe 'n mate is dit waar van die Hervormde Kerk? Daar is enkele lidmate en teoloë wat hulle oor die vraag na die fisiese opstandingsliggaam van Jesus uitspreek, terwyl daar waarskynlik 'n groter groep toeskouers in die *kerklike sitkamer* is wat hul opinie vir hulleself hou, of dalk geen erg aan die debat het nie en gewoon 'n opstandingsgeloof leef in hul dag tot dag lewe.

Moet die Kerk hierdie debat smoor of lug gee? Om dit te smoor, kan dalk wees om die olifant in die sitkamer doelbewus te probeer ignoreer en te hoop dit kwyn en verdwyn. Dit is te betwyfel of dit sal gebeur. Om dit lug te gee, sal wees om erkenning te gee aan die olifant in die sitkamer en dan die probleem te konfronteer en te hanteer. Het dit nie tyd geword dat die Kerk haar op 'n vergadering uitspreek oor hierdie wesenlike saak nie? Sou dit dan nie opnuut 'n voorloper kan wees vir 'n eietydse belydenisskrif wat reeds tydens vorige vergaderings in die vooruitsig gestel is nie? Die tyd hiervoor het waarskynlik ryp geword. Om die saak te ignoreer, sal net groter verwydering en verdagmakery meebring.

Andersyds is baie lidmate in die Kerk in die werkkamer doenig. Watter verrykende ervaring is die omsendskrywe van die ADV en die video van hul werkwinkel oor gestremdheid! Die ADV verdien verseker 'n pluimpie vir die gehalte van hul nuusbriewe en die inisiatiewe wat hulle loods. Sou enige deelnemer aan die video in enige stadium van daardie werkwinkel gewonder het oor die aard van Jesus se opstandingsliggaam? Of is die opstanding van Jesus gewoon 'n lewenswerklikheid wat op 'n spontane en kreatiewe wyse gestalte kry in die werk van die Kerk?

Die olifant in die sitkamer moet aandag geniet, maar nie ten koste van die miernes van bedrywighede in die werkkamer nie. Aan die ander kant het die werkkamer nodig dat sinvolle gespreke rondom die olifant plaasvind sodat hierdie verskille uit die weg geruim word. Die Kerk durf nie weer in 'n situasie beland waar verlamming intree as gevolg van interne konflik nie. Dit smoor die gespreke in die sitkamer en demp die werk in die werkkamer.

Opstanding en hoop

Dr Stephan Hoffman skryf: Nadenke oor die verband tussen die opstanding van Christus en hoop mag dalk vir ons as gelowiges voor die hand liggend wees, maar in die lig van die debat wat tans in die kerk en die wêreld bestaan oor die interpretasie van die opstandingsgebeure en die hopeloosheid wat ironies genoeg ook hiermee saamgaan, is dit nodig dat ons weer duidelik uitspel wat ons met die opstanding van Christus verstaan en watter implikasies hierdie verstaan ook vir ons inhou.

Die 450ste bestaansjaar van die Heidelbergse Kategismus (HK) maak dit ook gepas dat ons dalk saam met Sondag 17 vraag 45 sal vra: *Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?* Hierdie vraag na *nut* is nie gebaseer op 'n selfsugtige benadering wat die opstanding wil reduceer tot die blote nuttigheidswaarde wat dit vir ons mag inhou nie. Die bedoeling is eerder om die radikale implikasie en eksistensiële aard van die opstanding te illustreer.

Die drieledige antwoord op vraag 45 handel onderskeidelik oor die verlede, hede en toekoms. Die nut of waarde van die opstanding van Christus word beskryf deur te bely dat Hy die dood oorwin en ons deel gemaak het van die geregtigheid, dat Hy ons ook in die hede deur sy krag opwek tot nuwe lewe, en ons waarborg dat ons ook in die toekoms sal opstaan. Hierdie antwoord eggo vandag steeds in ons nadenke oor die opstanding van Christus en die hoop wat dit aan ons bied. Al verander die vrae, werklikheidsverstaan en wêreldbeskouing van die wêreld rondom ons, hou die antwoord van die opstanding van Christus en die hoop wat daaruit spruit aan om die grense van tyd en ruimte te oorskry.

Ons kan maar net vanuit die werklikheid van die opstanding en die nuwe lewe wat ons in Christus ontvang het, met verwondering getuig van hierdie troos en hoop. Ons hoop setel immers nie net in iets of iemand wat ver in die historiese stof van die verlede lê nie, maar in die opgestane Heer self, wat die grense van tyd en ruimte oorskry en ons ook vanuit die toekoms binne die hartklop van elke sekonde in die hede ontmoet. Juis hierdie ontmoeting wek by ons die verwondering waarmee ons antwoord op die soms onlogiese werklikheid van hoop te midde van wanhoop, van troos te midde van pyn en van lewe te midde van dood.

Verklaring deur Van der Hoff

In die twis wat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika sedert die 69ste Algemene Kerkvergadering beleef, is die opleiding aan die Universiteit van Pretoria se Fakulteit Teologie onder verdenking geplaas. As deel van hierdie debat, is uit verskeie oorde kommer uitgespreek oor die geloof van die teologiestudente wat opleiding by die Fakulteit ontvang.

Die Van der Hoff Hervormde Teologiese Studentevereniging het kennis geneem van hierdie ongegronde bewerings, en verklaar nou, in Februarie 2013, die volgende:

1. Ons verbind ons aan die Woord van God.
2. Ons onderskryf die Ekumeniese Belydenisse van die Kerk, asook die Drie Formuliere van Eenheid, sonder voorbehoud. Ons almal, sonder uitsondering, glo dus soos die Kerk en saam met die Kerk.
3. Ons onderskryf die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
 - Die Woord van God is die norm waaraan alle kerklike dokumente en belydenisse gemeet word.
 - Die 66 boeke van die Bybel is as kanon afgesluit. Geen ander dokumente en/of bronne aangaande die geloof, insluitend maar nie beperk tot die belydenisskrifte, staan op gelyke voet met die Bybel nie, maar kan wel saam met die Bybel gebruik word om die geloofslewe en geloofsbegrip van lidmate van die Kerk te bevorder.
4. Ons ondersteun die teologiese opleiding by die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.
 - Ons wat self by die Fakulteit opgelei word (en daarom daagliks met die dosente van die Kerk op verskeie wyses in kontak is), kan getuig dat ons tot op hede nog geen dwaalleer of leerstellings teenstrydig met die evangelie van Jesus Christus waargeneem het nie.
 - Navorsing en teologiese opleiding geskied in lyn met die kritiese aard wat Bybels-Reformatoriese teologie sedert die begin gekenmerk het, en wat tot die bevordering van die geloof aangewend word.
 - Historiese Jesus-navorsing word aangebied om die studente (as voornemende predikante) in staat te stel om vrae wat hieroor by lidmate mag leef ingelig, sinvol en gebalanseerd te kan antwoord. Hierdie navorsing word in die lesings so aangebied dat alle uitsprake oor die historiese Jesus sonder uitsondering aan die belydenis van die Kerk gemeet word. Die lesings oor hierdie tema stel ook duidelik dat dit een van vele benaderinge in die teologie is om die Christologie te ondersoek, en nie die enigste benadering is nie.
 - Ons ondersteun die dosente by die Fakulteit Teologie.

5. Ons ondersteun die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika:
- Ons ondersteun die kerkleiding van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wat deur die betrokke vergaderings verkies is.
 - Ons berus ons by besluite van die kerkleiding en vergaderings van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Indien daar omstandighede ontstaan waarin ons van die kerkleiding en vergaderings se besluite verskil, neem ons ons voor om ons besware op kerkordelike wyse te hanteer en te berus by die gevolglike besluite.

Voorsitter (Praeses): Gerrit-Daan van der Merwe

Ondervoorsitter (Assessor): Aniena Prinsloo

Sekretaresse (Abactis): Liza Steenekamp

Tesourier (Fiscus): Quinten Schimper

Ander berigte

Daar is onder andere ook 'n nabetragting deur **ds Lewis Strauss** oor **die Inligtings- en Besprekingsvergadering van 13 Februarie**, berigte oor **Gemeente Rustenburg-Suid se projek WATER = H₂OOP**, die **HTK se amptelike opening** en die vergadering in Januarie vanjaar in Stellenbosch van **argivarisse van die tradisionele Afrikaanse Kerke**. **Ds Freddie Nortje** van Bergsig se oordenking handel oor Jesus Christus as ons Redder, Hoop en Verwagting.